# JOU VEILIGHEID.
# JOU REGTE.
# JOU ONDERSTEUNING.

As jy 'n slagoffer van geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord is, kan hierdie dokument jou help om na **VEILIGHEID** gelei te word.

**Tuinroete Streeksverwysingsroete vir Geslagsgebaseerde Geweld en Vrouemoord**



Garden Route
DISTRICT MUNICIPALITY | UMASIPALA WESITHILI | DISTRIKSMUNISIPALITEIT

# WAT IS GESLAGSGEBASEERDE GEWELD (GGG) EN VROUEMOORD?

Geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord is enige optrede wanneer een persoon 'n ander persoon seermaak deur mag en beheer uit te oefen. Daar is baie vorme/tipes van GBV, soos:



**Fisiese Geweld**



**Seksuele Geweld**



**Emosionele & Psigologiese Geweld**



**Finansiële Misbruik**

Alhoewel elke situasie uniek is en verskil, kan die onderstaande stappe jou help om oor optrede te dink voor, tydens of nadat jy mishandeling ervaar het.

**Wees voorbereid:**
Hou noodhulplynnommers byderhand.

**Reik uit / Praat met ander:**
Het jy iemand wat jy vertrou en kan vra om jou te help? Laat hulle weet jy mag hulp nodig hê gedurende hierdie tyd. Indien hulle nie gemaklik is daarmee nie, praat eerder met iemand anders. Vee die boodskap uit as die persoon vir wie jy bang is gereeld jou selfoonboodskappe lees of jou foon in die hande kan kry.

**Sein/kodewoord vir hulp:**
Gee vir mense wat jy vertrou 'n kodewoord sodat hulle jou kan help as jy in die moeilikheid is. As jy kinders het wat oud genoeg is om te verstaan, bespreek hierdie plan ook met hulle.

**Wanneer jy besluit om te vertrek:**
Pak 'n sak. Die volgende dokumente is belangrik om in te pak: (ID, paspoort, kinders se geboortesertifikate, huweliksertifikaat, beskermingsbevel, medikasie, 'n ekstra selfoon indien jy een het, geld/bankkaarte, ekstra klere, toiletware, klein speelgoed vir kinders, en enigiets anders wat vir jou belangrik is.

**Regsdokumente:**
Maak seker jy het afskrifte of foto's op jou foon van enige belangrike dokumente, ingeval jy dit nie kan kry voordat jy vertrek nie. Moenie van jou beskermingsbevel vergeet as jy een het nie.

**Vertrek:**
Weet vooraf waarheen jy wil gaan. Dit kan 'n vriend of familielid se huis wees (laat hulle vooraf weet as jy kan), 'n skuiling, 'n hospitaal of 'n polisiestasie. Die polisie kan vir jou sê na watter skuiling om te gaan. As jy nie op jou eie kan vertrek nie, bel asseblief enige van die noodnommers hieronder sodat ons jou kan help.

**Bly veilig:**
Doen aansoek vir 'n beskermingsbevel indien jy nog nie een het nie. Skuilings kan hiermee help. Landdroshowe bly ook gedurende hierdie tyd oop.

# VOLG HIERDIE STAPPE AS JY MISHANDEL WORD.





## STAP 1

Rapporteer wat met jou gebeur het by die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) of diensverskaffer, bv. Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO).



## STAP 2

Kry hulp/diens van die diensverskaffer soos aangedui in hierdie pamflet.




## STAP 3

Jy het die opsie om die saak by die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPS)aan te meld, waar 'n dossier geopen sal word.



## STAP 4

Jy het die opsie om aansoek te doen vir 'n beskermingsbevel by die naaste hof waar jy woon of werk.



## STAP 5

Maatskaplike werkers is daar om jou deur jou genesingsproses te help en vir jou te wys hoe jy veilig kan bly.



## STAP 6

Jy kan toegang kry tot nasorgdienste of met ondersteuningsgroepe skakel.

**Tuinroete Streeksverwysingsroete vir**
**Slagoffers van Geslagsgebaseerde Geweld en Vrouemoord**

# Kontakte wie jou kan help

| MUNISIPALE AREA + ADRES | KONTAKBESONDERHEDE |
|---|---|
| **George**<br>*York Park Gebou, Grondvloer, h/v York & St. John Strate, George.* | **044 814 1920** |
| **Kannaland**<br>*Ladismith Thusong-Dienssentrum, 34 Van Riebeeckstraat, Ladismith.* | **044 814 1920** |
| **Hessequa**<br>*6 Van Riebeeckstraat, Riversdal.* | **028 713 4147** |
| **Mossel Bay**<br>*Gedeelde Dienste Gebou, 24 Marshstraat, Mosselbaai.* | **044 813 1900** |
| *Thusong Dienste Gebou, 108 Adriaans Laan, Kwanonqaba, Mosselbaai.* | **044 813 1900** |
| **Oudtshoorn**<br>*Seppie Greeff Gebou, Voortrekker Laan & No 3, 12de Laan, Bongolethu, Oudtshoorn.* | **044 814 2131** |
| **Knysna**<br>*Denmar Gebou, Hoofstraat, Knysna* | **044 814 1660** |
| **Bitou**<br>*Simunye Thusong Dienssentrum, 1 Xipulastraat, Kwanokuthula, Plettenbergbaai* | **023 814 2132** |
| **Suid-Afrikaanse Polisiediens** | **10111** |
| **Sosiale Ontwikkeling** | Tolvry **0800 220 250** |
| **Geslagsgeweld Bevelsentrum** | Tolvry **0800 428 428** |
| **Dwelgebruik Versteuning** | **www.heretohelp.co.za** om 'n fasiliteit op te spoor |